VOLKSTEM

R 10-00

www.afrikanervolksparty.org | Mondstuk van die Afrikaner Volksparty | Jaargang 9 | Uitgawe 5

NOG 'N BOERE-OORLOG ?

BLACK FIRST LAND FIRST IMBIZO VAN 28 MEI 2017 VERKLAAR OPENLIK OORLOG TEEN DIE BLANKES VAN SUID-AFRIKA!

Dit is duidelik dat die ongeduld onder die swartes om hulle hande op die blanke in Suid-Afrika se eiendom te lê, aangeblaas word en besig is om momentum te kry. Daar is nou al selfs datums vasgestel op die bo-gemelde sogenaamde imbizo, wanneer 'n totale oorname met geweld sal plaasvind.

Met blatante leuens, soos bv. ***"We, the landless people who are the rightful owners of this country, its wealth and the land" ...*** word die swartes opgesweep om gereed te maak om op die blankes toe te sak en hulle eiendom af te neem.

Die AVP beskou hierdie "deklarasie" van Black First Land First as 'n openlike oorlogsverklaring teen die Afrikanervolk en waarsku die swartes wat aanklank vind by hierdie soort uiters onverantwoordelike opswepery dat hulle nie deur hierdie kriminele elemente in hulle geledere op sleeptou geneem moet word nie. Die uitvoering van hierdie "deklarasie", sal met bloed gepaard gaan van duisende onskuldiges wat hulle deur sulke leuens laat beïnvloed.

Suid-Afrika behoort aan die Afrikanervolk en is vir eeue so deur die hele wêreld erken! Swartes is nie sonder grond nie, soos die Afrikaner het hulle ook grond beset wat geskiedkundig hulle eiendom is en waarby die Afrikanerregering ook nog bygevoeg het. Die verskil is dat die Afrikaner die grond wat ons beset het, ontwikkel het terwyl die swartes in gebreke gebly het om hulle vrugbare grond te ontwikkel, te ontgin en te beskaaf. Van die huidige grondeise sedert 1994, was 94% van die aansoekers se eise vir finansiële vergoeding. Hulle stel nie in die grond en ontwikkeling daarvan belang nie! (In onderhoud met minister in nuusuitsending)

Swartes wat op die grondgebied van die blanke woon is daar omdat hy heenkome kom soek en

In hierdie uitgawe.....
Sal Afrikaans bly bestaan?
Constand se Opstand
Wetteloosheid in die nuwe SA
GM se onttrekking

goedgunstiglik by blankes gevind het juis omdat hulle regeerders nie hulle land kon of wou ontwikkel nie. Selfs vandag nog stroom swart mense oor Suid-Afrika se grense om by blankes te kom werk omdat daar in hulle eie lande nie genoegsaam vir hulle voorsiening gemaak word nie.

Die toestand in Suid-Afrika waar swartes op 'n onwettige wyse deur blanke verraad in politieke beheer gekom het, beteken nie dat die eiendom van die blanke, wat hy met harde werk, kundigheid en verantwoordelike leefwyse bekom het, nou sonder slag of stoot deur swartes oorgeneem kan word nie.

Aan ons volksgenote vra die AVP om kennis te neem van die verklaring van die BFLF organisasie, dit behoorlik deur te lees en die implikasie daarvan deeglik te begryp. Laat ons opnuut besef dat ons in 'n oorlogsituasie verkeer, al is dit nog 'n oorlog van lae intensiteit en eensydig. Dit vereis egter 'n bepaalde ingesteldheid wat grootliks ontbreek by die saampraters, volkstaters en hulpsoekers by internasionale gemeenskappe, alles plekke waar ons heil en beskerming nie te vinde is nie!

Gedenk opnuut die geskiedkundige gebeurtenis by Bloedrivier en veral die verloop wat die gebeurtenis voorafgegaan het, in die aanloop tot ons voorgeslag se hulp en die uitkoms daarvan!

Black First Land First (BLF) *is a Pan-Africanist and Revolutionary Socialist party in South Africa. BLF was founded in 2015 by Andile Mngxitama following his expulsion from the Economic Freedom Fighters (EFF). Mngxitama had grown disgruntled with the EFF's leadership in late 2014.*

SAL AFRIKAANS BLY BESTAAN?

Met die intrapslag wanneer 'n mens konfronteer word met so 'n vraag, sal die eerste gedagte wat opkom waarskynlik wees, maar is daar dan enige twyfel?

In die Afrikanervolk se geskiedenis is hierdie vraag egter al meermale gevra. Nie deur die gewone man op straat nie, maar veral deur diegene wat erns maak met die volksaak en die dieper betekenis van die doel vir sy bestaan. Waarom is die Afrikanervolk in aansyn geroep en wat is die middele beskikbaar vir sy groei en beskerming?

As in aanmerking geneem word dat daar geen vooraf beplanning van die mens was om 'n nuwe volk op aarde tot stand te bring nie, maar dat die Afrikanervolk spontaan gegroei het uit hoofsaaklik

vyf Germaanse volke, almal vreemd aan Afrika, is dit aangrypend om te besef dat elkeen van daardie volke uiteindelik hulle moedertaal, hulle kultuur en hulle land prys gegee het en Afrikaners kom word het aan die Suidpunt van Afrika.

Dit is dáárdie Afrikaners uit wie óns gegroei het! Dit is dáárdie Afrikaners wat ‘n eie taal, ‘n eie geskiedenis, ‘n eie kultuur en ‘n besonderse saamhorigheid, gevestig en ge-anker in die Woord van God, tot wasdom laat groei het. ‘n Volkome volk, onderskeibaar van elke ander volk op aarde in sy taal, sy geskiedenis, sy herkoms, sy voorkoms en sy kultuur, in kort, sy identiteit. Dit terwyl die oogmerk slegs 'n verversingspos vir verbygaande skepe was.

“Slang” : Is dit dus nie “awesome”, “amazing”, “great” en ’beudifull”, dat ‘n volk so spontaan en onbeplan gebore en volwasse word nie? Dan na bloedige stryd en sweet en volharding van ons voorgeslag, laat ons onsself geleidelik verteer deur jingoïstiese goorwoorde. Goorwoorde uit die taal van ons grootste vyand, aan die hare in ons eie pragtige taal, deur onsself ingesleep. ‘n Vyand wat daarop uit is om ons van die geskiedenisverhoog af te vee, al kos dit wát!

Wanneer die anker van taalsuiwerheid getrek word is die sleurstroom na jou identiteit ‘n oop kanaal! Dit is dan wanneer die vraag van voortbestaan weer geldig word! Indien die kragwoorde wat deesdae so vryelik in veral die sosiale media en in gesprekke bygetel word, quo Vadis Afrikaner? Vir wie veg ons dan ‘n vryheidstryd? Is dit vir óns wat ons voorvaders moes sug: Engels, Engels, alles Engels! Die GHA, die GRA, die eerste en tweede Taalstryd om eers in 1925 deur die Parlement erken te word.

Laat ons egter nie negatief bly nie. Elke keer wat ons volk sy vryheid in die verlede verloor het, het ons dit elke maal teruggewen! Met elke Afrikaner wat sy pragtige Afrikaanse taal suiwer hou, beïnvloed jy menige ander om dit ook te doen! Dít is reeds die begin van verset en selfhandhawing om te bly by dit wat ons by geboorte ge-erf het. ‘n Afrikaner geplant in Afrika, beskerm en gedra deur die God van Abraham, Isak en Jakob, wat nou ons hemelse Vader geword het deur Jesus Christus.

As ons glo dat dit Sy wil was dat ons ‘n Volk moes word, dit in Afrika moes word, waarom dan die middele waarmee ons, dit wat ons uit Sy hand ontvang het moet beskerm en bewaar, min ag, weggee of verwaarloos? Die Afrikaanse taal as beskermer van die Afrikaner se beskawings bedrading is onvervangbaar, ook in die verwoording van sy sielsbehoefte. Laat ons dit suiwer hou!

Dr. D.F. Malan het by geleentheid gesê :

"Oor die pad van SA sal u ook moet trek, oor bergreeks en deur dorsland heen.

Koers hoef u nie te vra nie. Dis daar. Sal u dit hou?

Lig hoef u nie te ontbeer nie. Die fakkel met vaste voet oor honderd jaar gedra, word vir u in u hand geplaas.

Sal u hom brandend hou?"

CONSTAND SE OPSTAND

deur Danie Varkevisser

In ‘n vorige artikel waarin ‘n relaas van die FAK oor die 1994 verkiesing geskryf is, word verwys na genl. Constand Viljoen. Hy sou dan ’n opstand beplan het waaraan meer as 150 000 man sou deelneem. Die doel was nie om die regering omver te werp nie, maar om ’n stuk van die land te beset en te probeer behou. Op die laaste oomblik is die plan laat vaar nadat die regering en die ANC op 23 April ’n akkoord oor selfbeskikking onderteken het. Aldus die FAK.

Die vraag wat die FAK moet beantwoord, is waarom verswyg hulle bekende en geskrewe feite

asof die “heroïse” rol van Viljoen die aller tersaaklike inligting is in verband met die mandaatlose bedrogvolle 1994 verkiesing

In ‘n berig wat verwys na mnr. Dries Bruwer, voormalige President van TLU se oorlye op 28 April 2009, skryf Cobus Claassen: “Bruwer het van 1993 tot 1996 gereeld met ANC-hoës soos mnr. Jacob Zuma en oud president Thabo Mbeki vergader.”

Constand en onderhandeling

Die eerste vergadering is in November 1993 by ‘n wedvlugduiweklub in Lynwood, Pretoria, tussen Bruwer, genl. Constand Viljoen (voormalige VF-leier), mnr. Piet Gous (destydse president van die Vrystaatse Landbou-unie en KP-LP, vir Parys) en Zuma-hulle gehou.

Bruwer het in 2005 in ‘n onderhoud aan Beeld gesê die ongewone vergaderings is destyds gehou in ‘n poging “om brûe tussen regs en links te probeer bou”, aldus die berig.

So was dit met Idasa se Conservative Dialogue Program, waarvan die selferkende doel was om deur middel van die bewerking van gesprek, (onderhandeling) tussen ver links en ver regs, Suid Afrika uit die hande van die Afrikanervolk te onderhandel. Die oordrag aan ‘n kommunisties-beheerde swart meerderheidsregime by KODESA is suksesvol deur daardie oefening bewerkstellig en word nou nog voortgesit ten einde die verdere vlot verloop van die eerlose oorname te verseker. Politieke partye, vakbonde, landbou-organisasies en die media, wat die beeld voorhou van dienstigheid aan die Afrikanervolk, moet die onderhandeling propageer en aan die gang hou om as teenvoeter vir moontlike konfrontasie en ontsporing van wat deur onderhandeling bereik is, te dien!

In ’n ander berig van Beeld word geskryf dat Dries Bruwer en Constand Viljoen gesê het dat na dié geheime vergadering in die duiweklub, hulle “amper maandeliks” met Zuma en Mbeki vergader het tot in 1996! Die doel van dié vergaderings was om brûe tussen regs en links te probeer bou.

Terwyl daar in ’n vorige berig van Beeld slegs die name van mnre. Bruwer, Gous en Constand Viljoen genoem is as aandeelhouers in die komplot om regsgesinde Afrikaners by die verkiesing van 1994 te betrek deur middel van die “Conservative Dialogue Program” (CDP), is na ander betrokkenes net verwys as “prominente Afrikaners”. Ten minste nog een “prominente Afrikaner” se naam word egter in die berig genoem, naamlik dié van dr. Ferdi Hartzenberg, leier van die gestorwe KP en Afrikaner Volksfront (AVF).

Nou bepleit Constand Viljoen met die aanbeveling van nog ‘n bedenklike Duitse genoot, ‘n “dr Klaus Baron Von der Roppe in `n skrywe aan die Orania Beweging dat dié organisasie die inisiatief moet neem

Gaandeweg is ook van Van Zyl Slabert, Alex Boraine en Jurgen Kögel blootgelê as betrokkenes, ten spyte van aanvanklike ontkennings.

Nou bepleit Constand Viljoen met die aanbeveling van nog ‘n bedenklike Duitse genoot, ‘n “dr Klaus Baron Von der Roppe in `n skrywe aan die Orania Beweging dat die organisasie die inisiatief moet neem om Afrikanerselfbeskikking te bevorder.

“ Die skrywe was in reaksie op `n Duitse kennis van die generaal, Dr Klaus Baron Von der Roppe, wat in `n artikel sy steun aan Orania toegesê het. Generaal Viljoen sê dat daar `n dringende behoefte is om `n nuwe inisiatief te neem ten opsigte van selfbeskikking. "Soos dit seker bekend is het ek deur middel van die Vryheidsfront tydens die 1994-onderhandelinge probeer om vir ons volk selfbeskikking eerder te beding as die staatsvoorstel van 'n unitêre staatseenheid. Dit was nie aanvaar nie vir vele redes onder andere omdat daar nie genoeg steun van binne ons volk daarvoor was nie. Na ek uitgetree het uit die politiek het die konsep al hoe meer vervaag en is van binne ons volk nie genoeg stoom ontwikkel nie en dit ten spyte van die onaanvaarbare ervaring met die unitêre staatsformule.

My vriend uit Duitsland (Baron Von der Roppe) is 'n stoere ondersteuner en toon groot belangstelling vir die idee van heroorweging van die Afrikanervolk en veral ook selfbeskikking. Sy vrees is dat hierdie strewe binne die volk sal kwyn as daar nie gou uit die volk groter druk kom nie. As ek jonger was sou ek self bereid gewees het om weer te help maar my gesondheid is na 'n konkussie-ongeluk nie sterk genoeg nie. Ons twee wil voorstel en ernstig vra of Orania kans sien om in ag genome ons volk se netelige posisie in die unitêre bedeling 'n nuwe inisiatief te begin om ons volk 'n nuwe entoesiasme vir selfbeskikking te laat groei," skryf Generaal Viljoen.”(Uittreksel uit Orania se omsendskrywe.)

Die feit dat genl. Viljoen by twee geleenthede moes erken dat die Afrikanervolk nie belangstel om Suid Afrika prys te gee aan ‘n bende terroriste nie, poog hy steeds om Afrikaners te beweeg om ons land prys te gee! Sy verraderlike optrede as hoof van die weermag en daarna in die politiek laat ‘n mens duisel oor sy volgehoue pogings om Suid Afrika in die hande van die Kommuniste waarteen hy ons moes beskerm het, te probeer behou! Dit blyk dat die konkussie-ongeluk volkome was!

Die oorblywende liberales, in welke organisasies hulle ookal poste beklee waarvandaan hulle die vernietiging van ons land Suid Afrika voortsit deur enersyds ontkenning van die sigbare verval en andersyds die krampagtige pogings onder leiding van die Afrikanervolk se vyande, se tyd om hulle foute te erken raak min!

Met die totale en onvermydelike ineenstorting van die

huidige bestel sal hulle dan onherroeplik in ons volksgeskiedenis as lamsakkige verraaiers opgeteken wees as nalatenskap vir hulle nakomelinge. Die tyd vir erkenning en bydrae tot herstel wat verbrou is, is nou! Nie in die vorm van ontvlugting na selfbeskikking in ‘n volkstaatjie onder kommunistiese beheer met ‘n handves van menseregte nie. Nie in ‘n federale of konfederale stelsel waar die blanke steeds in die minderheid sal wees onder ‘n oorkoepelende swart meerderheid nie.

In Suid Afrika, Afrikanerland! Óns land! Nie gesteel, nie in ‘n oorlog verloor nie, maar deur bedrogvolle uitoorlêery deur die NP van voor 1994, uit ons land onderhandel en oorhandig aan swart Kommunistiese terroriste, wat in 22 jaar niks anders kon vermag as om ons land tot rommelstatus in die grond in te bestuur, ten spyte van hulle Internasionale bondgenote se bystand!

Dit bly egter steeds Afrikanerland en so die Here wil, sal ons dit weer beheer en dit wat nou in as vernietig lê, met harde werk en kundigheid weer

opbou, terwyl Europa en sy integrasiebondgenote dit wat hulle op ons afgelaai het deur omkoop en korrupsie van swakkeling Afrikanerleiers, in dubbel mate gaan terugkry. Hulle sal nog by ons kom skuiling soek! Kom Afrikaners, kom laat ons opstaan om getel te word! Ons het ‘n roeping in Afrika! Daardie roeping is nie om te kapituleer soos wat die de Klerk’s, Viljoen’s, Buyse en andere propageer nie!

WETTELOOSHEID IN DIE “NUWE” SUID AFRIKA

Kan dit wees dat die bandeloses vermoed dat Zuma “gaan val” in ‘n moontlike geheime stemming en daarom so vinnig en so veel as moontlik te vat? Sonder vergoeding? Of sien ons hier die begin van anargie, gebore uit die chaos van die onbestaanbaarheid van ‘n veelrassige regering?

Sulke argelose blatante middelvinger optrede vir reg en geregtigheid kan eintlik nie anders vertolk word as anargie nie! In géén land of staat waar daar wet en orde is en dissipline toegepas word, is sulke optrede epidemies soos in die Nuwe Suid Afrika van de Klerk en kie nie!

In die “modernste democracy” in die wêreld, soos wat dié gemors in Suid Afrikageroem word en waarvoor daar sommer twee nobelpryse toegeken is, is die benoeming van misdaadmekka van die wêreld, heeltemal ontoereikend. ‘n Refleksie op die intelligensie van elkeen wat daaraan deel gehad het, die wat nou nog deel daaraan het en sommer op elkeen wat nie in verset daarteen is nie!

Sulke argelose blatante middelvinger optrede vir reg en geregtigheid kan eintlik nie anders vertolk word as anargie nie!

Hoe intelligent moet ‘n mens wees wat vooraf ingelig is van die uitkoms van so ‘n stelsel en in weerwil tog voortgegaan het om dit te vestig. Selfs met die IK. van ‘n plant sou dit vermy kon gewees het, bloot omdat ‘n plant dít vermy wat moontlik vir hom nadelig kan wees. Só ook die insekte, diere, voëls en visse!

Wat meer tragies is, is dat hierdie kranksinniges steeds probeer om ander te oortuig om ook kranksinnig te wees om hierdie stelsel te aanvaar. Die wat nie daarvoor kans sien nie, om te hensop en te soebat vir ‘n volkstaatjie onder dieselfde grondwet wat die voorkeur vir jou eie skool, kerk, godsdiens en taal verbied. ‘n Gevangene van jou eie oortuigde kranksinnigheid ten koste van jou erfenis, kortstondig ontvlug in die illusie van selfbeskikking.

FATAL SHOOTING AT OR TAMBO AIRPORT

JOHANNESBURG - One man was killed and a car hijacked in the vicinity of the OR Tambo International Airport on Monday, police said.

National police spokesperson Major General Sally de Beer said that at around 4.30pm, a man driving a Hyundai H1 was shot dead by a group of men while he was driving towards the airport.

“Preliminary reports indicate that the driver of the Hyundai H1 was transporting a group of six business people from Johannesburg to the airport and en route at least one vehicle attempted to flag them down. The driver of the Hyundai H1 (the deceased) continued on towards the airport," de Beer said.

“Reportedly, as he took the off-ramp from the highway to the airport, the vehicle was blocked by two other vehicles, one being a black VW Golf, and the driver was shot and fatally wounded. The suspects drove off in the H1 with the passengers.

They were abandoned by the suspects in Rhodesfield, Kempton Park, after being robbed of

some of their belongings including cellular phones. None of the passengers was injured, according to initial reports."

De Beer said South African Police Service (SAPS) members were still processing the crime scene and interviewing victims and witnesses at around 8.40pm.

She said the police were concerned about the "arrogance displayed by the perpetrators" and said that they would ensure that a thorough investigation is conducted, leading to the arrest and prosecution of those involved.

PRAAT GOD NOG MET ONS?

Deur Hannes Ollewagen

Hebreërs 1:1-14

"NADAT God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het." (:1&2).

In plaas daarvan dat ons vra of God vandag nog met ons praat kan ons dalk eerder vra of ons as mense dalk al geleer het om na Hom te luister. Sedert die Skepping het God Homself met die mens bemoei en Sy betrokkenheid in die mensdom is regdeur die Skrif vir ons baie duidelik. Ongelukkig is die mens se onwilligheid om in ootmoed na God te luister regdeur die Skrif net so duidelik waarneembaar.

Ons dink dan aan die Ou Testamentiese tydperk waarna terugverwys word in vers 1 van ons gelese gedeelte. In hierdie tyd het God op verskillende maniere tot die mens gespreek o.a. deur die mond van profete. Benewens die leringe, raad en waarskuwings wat God deur die mond van die profete aan die volk Israel gebring het, het Hy ook profesieë aan hulle verkondig. So is die waarheid van Hebreërs 1 (dat God deur die Woord tot die mens sal spreek) alreeds in Deut. 18 deur die mond van Moses verkondig. " 'n PROFEET uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal die HERE jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister-" (:15). "'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van julle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, En Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel. En die man wat nie luister na my woorde wat Hy in my Naam spreek nie, van hom sal Ek self rekenskap afeis." (:18&19).

So weet ons dan ook dat Jesus Christus wél in die vlees na die aarde gekom het en die mense in die weë van God onderrig gegee het. Maar sou dit beteken dat God na die Hemelvaart van onse Here Jesus Christus opgehou het om tot die mens te spreek? Allermins! Hy het dan ten tyde van Sy Hemelvaart beloof dat Hy met ons sal wees tot aan die voleinding van die wêreld. Ons is verseker van Jesus Christus se leiding selfs na Sy Hemelvaart deur die Heilige Gees wat Hy in ons harte gegee het asook deur die Woord van die lewe wat Hy aan ons geskenk het.

Daar is diegene wat die Woord van God (die Bybel) bloot as 'n geskiedenisboek beskou. Die ware kind van God daarenteen glo dat die Bybel onder leiding van die Heilige Gees van God tot stand gekom het en daarom word dit as die Woord van God beskou. Daar is dan ook vir die kind van God geen beter manier om God te soek en te leer ken as deur Sy Woord nie. Wat meer is, is dat geen gewone geskiedenisboek die geheime van 'n mens se hart kan openbaar, jou kan vertroos, bemoedig, teregwys en berispe soos wat die Woord van God dit telkens vir ons doen nie. Die Woord van God besit al hierdie eienskappe en ons kan daarom met reg sê dat die Woord van God lewend is. So kan die Woord selfs die oorlegginge en gedagtes van ons harte toets. "Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die

skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart." (Heb. 4:12).

Dit is egter nie vir ons onbekend dat die mense in die Ou Testamentiese tyd menigmaal nie na die woord van God deur die mond van die profete wou luister nie. Ons kan selfs verder gaan deur te sê dat die meerderheid mense nie eers na die woord van God uit die mond van Jesus Christus self wou luister nie en daarom is Hy deur hulle vermoor. En so leef ons vandag in 'n tyd waarin mense so traag as ooit is om na die Woord van God wat deur die eeue heen vir ons behoue gebly het te luister. Ons sien hoe honger mense na geestelike spys is, ja dat hulle agter elke tweede dwaalgees aanhardloop wat kwansuis "'n woord van die Here gekry het" selfs al sou daardie "woord" teenstrydig met die lering van die Woord wees.

...dit is hartverskeurend om te sien hoe gebrekkig mense se kennis van die Woord is en daarom word hulle vandag so maklik mislei.

Ons het juis in verlede week se oordenking geluister hoedat 'n volk ten gronde gaan weens 'n gebrek aan kennis. Hierdie mag vir menig mense dalk na 'n geykte uitdrukking klink, maar dit is hartverskeurend om te sien hoe gebrekkig mense se kennis van die Woord is en daarom word hulle vandag so maklik mislei.

Hoe ironies is dit nie dat ons voorsate uit wie ons ons volkswording te danke het deur die Roomskatolieke Kerk verbied is om die Woord te lees. En tog nadat hierdie mense deur die genade die geleentheid gekry het om die Woord te bestudeer en die misleiding van die Roomskatolieke Kerk ontdek het selfs bereid was om te sterf alvorens hulle die Woord sou verloën. Hierdie selfde mense se nasate het ongeveer 350 jaar later die Woord vryelik in hul eie taal tot hul beskikking en die meerderheid sal vandag eerder sterf van geestelike honger as om die moeite te doen om die Woord te bestudeer.

In plaas daarvan dat ons agter elke tweede dwaalgees aanloop om ons geestelike honger te stil in hierdie tyd waarin die misleiding geil gesaai word, kan ons onsself eerder wend na Hom wat ons sal versadig met die brood van die lewe. Sy Woord is nie maar net geskiedenis of leë woorde nie. Nee, in Sy Woord is die woorde van die ewige lewe – lewensbrood waarmee ons ons siel daagliks kan versadig.

"En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my Vader gee julle die ware brood uit die hemel. Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee." (Joh. 6:32&33).

So op ons vraag aan die begin van hierdie oordenking, nl. of God dan steeds vandag met die mens praat, die antwoord 'n ondubbelsinnige "JA!" En Sy dringende uitnodiging is duidelik in die woorde van Johannes 6:35:

En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie." "Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. ..." (Joh. 6:51).

GETALLE-POLETIEK

Die halstarrige weiering van die liberalis om uit die lesse van die geskiedenis te leer, het ook sy onmiskenbare gevolge. Met die ondersteuning van die magte van



die duisternis wat weet hoe om gebruik te maak van onreg, wetteloosheid, grensloosheid en in die algemeen die afbreking van alles wat met orde en dissipline te maak het, ploeter hulle voort met allerhande akademiese en geestelike fabrikasies van menseregte waarom hulle benadering dan nou beter sou wees as die "onreg" van 'n bedeling wat werk!

Die verantwoordbaarheid vir verval, agteruitgang en lewensverlies, word dan telkens afgemaak as 'n

nagevolg van die nasionalisme. Die dodelike gevaar van die afwyking van beginsel waaruit beleid geformuleer word, is in Suid Afrika se geval tewyte aan die een-mens-een-stem benadering. 'n Politieke benadering wat onvermydelik onmiddellik, ongeag die noodsaaklikheid vir kundigheid, eerlikheid, integriteit en ervaring, die meerderheid aan bewind plaas en daar hou solank as wat hulle die meerderheid bly.

Dit verskuif die norm van beskawing na agter en verdring dit met die oerbeginsel van krag waarmee alles onderwerp word wat die geringste teken van verskil openbaar met so'n mag. Ons voorspelling was deurgaans dat daar geweld onder die swartes sal begin wat later sal oorspoel na diie blankes.

Die stryd om Zuma nou te vervang begin reeds duidelik grense trek. Die vrees waarmee getallepolitiek sy greep behou, is sekerlik een van die duidelikste lesse wat ons uit Afrika moes leer, maar is deur ons vyande se strategie oorbie met die beeld van 'n bloedbad, "too ghastly to contemplate"! Swakkeling politici, ontvanklik vir omkoopgeld en faam, wat steeds ondersteun word deur die liberale faksie in Suid Afrika, het verkrummel voor hierdie aanslag sonder koeëls en gekapituleer voor die "totale aanslag" waarteen ons gewaarsku was en in die weermag veral opgelei was!

Wat is daar van getallepolitiek wat die hofaansoekers vir geheime stemming in die parlement, nie verstaan nie? Die uitvloeisel daarvan in praktyk is só elementêr dat selfs Zuma dit verstaan en goed verstaan!

In die ontplooiing en toepassing sedert 1994 is dit duidelik dat behalwe vir die ware nasionaalgesinde Afrikaners wat daarteen gewaarsku het en nie daarvoor gestem het nie, Zuma en sy ANC kaders strate meer van die politiek af weet as al die blankes wat oortuig was dat hulle die regte pad volg. Dat hulle die morele hoë grond beset terwyl die sg. Regses 'n bedreiging inhou vir die veelgeroemde "eerste democracy" in Suid Afrika.

Behalwe dat hy begin knor en tande wys vir die swart lakeie wat ge-oormerk is om hom uit die kussings te lig, verduidelik hy grondig van hoe getallepolitiek nou eintlik werk, noudat hulle nie meer daarvan hou nie!

Zuma said that the UDM's application resorted to judicial intervention, when the majority party was legitimately exercising its rights. "The applicant asserts that without a secret ballot there is no realistic possibility that the motion of confidence will succeed***, unless the majority party decree that it must. "As a matter of fact, that is the advantage of enjoying a majority in Parliament and that is how the mandate of the majority is carried out by the majority party."***

As die "majority" aanvanklik uit alle swart volke in Suid Afrika bestaan het en nou gegroei het na net een etniese groep, doen dit niks af aan die magte van die nuwe majority nie! Afrika as aanskouingsles en dr. Verwoerd se insig en uitleg én waarskuwings ten spyt, is Suid Afrika deur die NP en al die verdwaalde nasionaliste wat hom sedert 1993 se referendum nog gesteun het, uitgelewer aan 'n rowerbende wat ons land daagliks beroof en verinneweer tot 'n rommelhoop. En daar is niks wat hulle daaraan kan doen nie, met of sonder die hulp en bystand van die internasionale magte wat hulle tot abdikasie oorreed het!

Ramaphosa en Dlamini-Zuma - Moontlike opvolgers

Vir diegene wat hulle hoop op Ramaphosa het, veral as hulle blank is, wag daar 'n yslike ontnugtering. Om swart steun te kry, het die AVP al by herhaling gesê sal daar hoër gebie moet word as die ANC, wat alreeds die blanke se totale besit en lewens gebie het deur doof en blind te wees vir misdaad, moord en verkragting van blankes.

Ontleders wat nou nog ontken dat daar ‘n politieke volksmoord op die blanke in Suid Afrika geloods word deur dit as gewone misdaad te bestempel, is bepaald deel van die probleem en beslis nie van die oplossing nie!

GM SE ONTTREKKING

‘MOSIE VAN WANTROUE IN SA’

Die opskrif van nuus24 oor General Motors se besluit om aan Suid Afrika te onttrek, word in Nuus 24 as ‘n mosie van wantroue in Suid Afrika beskou.

In die vyftig en sestigerjare het jong seuns lekker gestry oor wie se pa dan nou ‘n beter voertuig ry. ‘n Chev of ‘n Ford. Dit was amper soos die verskil tussen Sap en Nat! Dat GM vir baie jare deel van Suid Afrika se motorhandel was en nou totaal onttrek, het meer as net ‘n swak ekonomie as oorsprong vir die onttrekking.

Sedert 1926 was GM in Suid Afrika betrokke. Hoewel dit nie gesê word nie, speel politiek ‘n belangrike rol in GM se besluit. Vakbonde se willekeurige stakings wat produksie skaad terwille van hoër lone en wat meermale gepaard gaan met beskadiging van eiendom en bedreiging van lewe, is in die huidige politieke klimaat van gebrek aan wet en orde, waarskynlik ‘n belangrike oorweging vir onttrekking uit Suid Afrika.

Dat die vakbond Numsa die vermetelheid het om te verwag dat enige organisasie in Suid Afrika eers aan hulle moet rapporteer voordat hulle besluit om besigheid in Suid Afrika te staak, is aanduidend van die diktatoriale klimaat wat reeds heers in Suid Afrika.

Die Amerikaanse President Donald Trump se verkiesingsaanduidings van die herstel van die Amerikaanse ekonomie, kan ook deel vorm van GM se besluit om te konsentreer op die vraag in Amerika self. Onder die opskrif : Why did GM decide to do this? Is een van die verduidelikings as volg.

(Globally, GM firmly believes there are opportunities where it can achieve greater return on investment – in specific vehicle segments and markets where the outlook for growth is very strong (business adjacencies, SUVs and crossovers, U.S. and China)

Dit strook met Donald Trump se stellings in sy inhuldigingstoespraak van: “We will follow two simple rules: Buy American and Hire American.” Indien hy daarby bly, wat nog bewys moet word, verklaar GM motors se optrede begrip vir die waarde en potensiaal van nasionalisme en NUMSA se optrede die verval envernietiging van die infrastruktuur van Suid Afrika!

Rich local history up in smoke

General Motors was the second major car company to set up manufacturing operations in South Africa and the first locally-produced Chevrolet product rolled off the line way back in 1926. GM disinvested from South Africa in 1985, but an upper management buyout soon saw the formation of the Delta Motor Corporation, which continued to build and sell Opel, Isuzu and Suzuki products until GM reinvested in the mid-nineties, starting with a 49 percent stake in 1997 and finally buying out all of Delta's shares in 2004.

General Motors, meanwhile intends to pull the plug on its local operations, with the Chevrolet brand set to be taken off the market by end of 2017. Not only does this mean ending production of the locally manufactured Chevrolet Utility bakkie and Spark hatchback, but imports of the Cruze, Captiva and Trailblazer will cease

Why did GM decide to do this?

•This is a business decision, based on GM’s global business priorities.

•There have been significant changes to the global industry over the last few years, and our global strategy has evolved with these changes.

•The most significant industry change has been the emergence of mobility (autonomous/ride sharing/electrification/connectivity) as a service and as a long-term growth opportunity.

•Globally, GM firmly believes there are opportunities where it can achieve greater return on investment – in specific vehicle segments and markets where the outlook for growth is very strong

(business adjacencies, SUVs and crossovers, U.S. and China

EIESOORTIGHEID

Deur Johan Bekker

Rasse en volke verskil van mekaar. Elke volk het sy eie identiteit, geestesbesit en kultuurgoedere. Getrou aan jou eie en volgens jou eie insigte en omstandighede is die ideaal dat elke volk homself in sy eie land regeer, terwyl jy aan ander gun wat jy vir jouself opeis.

Eiesoortigheid trek dus natuurlike grense tussen volke en eerbiedig dit. Sodoende versterk 'n gebondenheid in trou aan jou eie volk om as verantwoordelike mens mee te werk aan die welsyn van jou volk en jou land. Enige volk haat dit om deur 'n ander regeer te word.

Eiesoortigheid omhels nasionalisme sodat elke bevolkingsgroep deur sy eie leiers regeer kan word in sy eie vaderland wat hy lief het. Dit bied ook die enigste oplossing vir volkere-en rassespanning.

Eiesoortigheid waarborg die behoud van blank en nie-blank se leefwyse en nasionale integriteit.

Histories gesproke kan alle volke in Suid Afrika as immigrante beskou word. Almal het op een of ander stadium hul verskyning op Suid Afrikaanse bodem gemaak. Met die samekoms van wit en swart rondom 1780 aan die oewers van die Visrivier, was die vet in die vuur en die bloed het gevloei.

Die redes daarvoor was legio. Beskaafdheid, ontwikkelingspeil, kennis, lewensbeskouing, wêreldbeskouing, menswaardigheid, waardigheid van houding, gewoontes, karakter, identiteit, sosiale lewe, volksfeeste en gebruike, ras, etniese verband, kultuur, kleredrag, taal, geskiedenis,

politiek, menseregte, primitiwiteit, brutaliteit, totalitarisme, kapteinstelsels, menslike natuur, biologiese verskille, kleur diskriminasie, waardesisteme, geregtigheidsgevoel, idealisme, etiek, moraliteit, visie, strewe, werksetiek, geloof, godsbegrip, toordoktery, bosskoolbedrywigheid, genitaleskendingspraktyke, huwelikskoop, demokrasie, staatkundige beginsels en nog veel ander, te veel om op te noem.

Die verkettering van die christelike geloof deur Britse filantrope van daardie tyd, (Phillip, Read en van der Kemp) het sake verder kom beduiwel tussen Afrikaners, Engelse en die swartes.

Dit het gemaak dat 'n deurmekaarbestaan nie moontlik was nie en nou nog nie is nie. 'n Reënboognasie is dus 'n hersenskim, 'n sosio-politieke belaglikheid!

Die verkettering van die christelike geloof deur Britse filantrope van daardie tyd, (Phillip, Read en van der Kemp) het sake verder kom beduiwel tussen Afrikaners, Engelse en die swartes. Die Afrikaner het in die nie-blanke 'n onbeskaafde wese gesien en ervaar terwyl die filantrope hulle as onskuldige en onbedorwe natuurmense beskou het.

Die resultaat was ‘n gedweep met met ‘n denkbeeld van ‘n edele barbaar wat skynbaar nie onder die wet van God staan nie. Volgens die filantroop word alle verskille tussen blank en nie-blank opgehef deur die gebod van liefde. “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself”.

Duidelik het hulle hulself nie gesteur aan aan die laaste twee woorde van die gebod nie. Liefde sonder geregtigheid is onsinnig. Die swartes het deurgaans ‘n beleid van verskrikking nagevolg deur Tsjaka, Dingaan, Moselikaats, Mosjes en andere. Die Engelsman het Suid Afrika nie as ‘n permanente tuiste beskou nie en het derhalwe die swartes opgesweep en gebruik om om die Afrikaner te onderdruk.

Die idee van natuurlike onskuld en nobiliteit van die barbaar het ook in Suid Afrika se politiek en teologie ‘n vastrapplek gevind. So moes ons ‘n voetwassery en verheerliking van voormalige terroriste in Afrikaanse kerke gadeslaan. ‘n Ontkenning van die eie, ‘n sieklike naasteliefde en selfhaat word beskou as ‘n heilige deug! Hierdie soort prediking vervloek jou volksverband en plaas in plek daarvan die omstrede Belhar Belydenis.



Die grofste diskriminasie en sonde teen die mensheid is gepleeg deur F.W. de Klerk om willens en wetens Suid Afrika in ‘n deurmekaarbestaan in te dwing op ‘n diaboliese wyse. Afrikanerhaters soos Malema en ander propageer openlike geweld en haat teen die witman met skokkende ondersteuning, nie net onder swartes nie, maar ook onder wit liberalistiese kerkgangers.

Dít, voorspel tereur en bloedvergieting. Juis dié soort bloedvergieting waarmee de Klerk en sy kabinet Afrikaners met vrees gemanipuleer het om onderhandeling vir ‘n nuwe grondwet, goed te keur.

Suid Afrika se “nuwe” demokrasie is besig om in vlamme op te gaan.

‘n Ware demokrasie is noodwendig ‘n gekwalifiseerde sisteem. Dit impliseer ‘n waardesisteem en leefwyse, begrens tot ‘n definitiewe raamwerk van sosiale gedrag, vryhede sowel as verpligtinge, regte as voorskrifte en voorregte as opofferings binne hierdie raamwerk. Demokrasie beteken immers nie dat een gemeenskap arbiter word oor die belange van ‘n ander nie.

Dit moet ook onthou word dat die swartes uit eie wil na die blanke gebiede gekom het as gevolg van blanke ekonomiese magnetisme en dat daar nooit sprake was van van politieke medeseggenskap nie. Die stedelike swartman was uit barmhartigheid in ons grondgebied toegelaat om sy brood te verdien. Dit was beslis nie ‘n kruistog om verlore grond te herwin nie, maar sy eie onvermoë om werk te skep in sy eie gebied, het hy vir oorleweing en ‘n beter lewe by die blanke kom aanklop vir werk.

Die hulp, bystand en opheffing van die blanke aan die swart ras word te dikwels as vanselfsprekend aanvaar. Daarbenewens met ondankbaarheid begroet en as onderdrukking van die swart bevolking gesien. Om saam te vat wil ek sê: “Koester jou eie volk en jou eie land, of gaan soen ‘n rinkhals!”

Danie Varkevisser 083 460 3302

Francois Muller 083 460 6120

www.afrikanervolksparty.org